



## **HUWELIKE BUIITE GEMEENSAP VAN GOED:**

**OPSIE 1:** Trou buite gemeenskap van goed, sonder dat die aanwasbedeling van toepassing is op die huwelik; of

**OPSIE 2:** Trou buite gemeenskap van goed, met toepassing van die aanwasbedeling.

### **SONDER DIE AANWAS:**

Wanneer ons buite gemeenskap van goed trou, behou elk van ons, ons eie aparte boedel.

Dit beteken dat alles (bates en skuld) wat elkeen in sy eie naam koop (of aangaan), in sy eie boedel vestig en net sy eie eiendom is. Daardie persoon het alleen-reg op alle bates (motor, huis, huisraad, kontant ens) en staan in vir sy/haar eie laste in sy/haar eie boedel.

Dus: Twee mense trou buite gemeenskap van goed, sonder die aanwas en niemand het enige eise teen 'n ander met egskeiding of dood nie. Elkeen hou wat hy "op sy naam het" en kan alleen daarvoor beskik in onderandere sy/haar testament.

### **MET DIE AANWAS:**

Wat is aanwas?

Aanwas beteken groei. Buite gemeenskap van goed met 'n reëling ten opsigte van die verdeling van groei wat plaasvind in elkeen se boedel tydens die huwelik;

Man se boedel:

- 100% woonhuis
- motor
- kontant

Vrou se boedel:

- juwele
- huisraad
- motor

Met sluiting van die huwelik sal elkeen verklaar wat die waarde van hul boedels is bv:

Man:

- woonhuis = R1 500 000.00 minus verband van R1 200 000.00 = R300 000.00
- motor = R500 000.00 minus finansiering van R480 000.00= R 20 000.00
- kontant = R100 000.00

Dus sal die man se boedel se begin waarde met huweliksluiting wees. R420 000.00

Vrou:

- juwele =	R150 000.00
- huisraad =	R 50 000.00
- motor kontant gekoop =	<u>R 80 000.00</u>

Dus sal die vrou se boedel se begin waarde met huweliksluiting wees. R280 000.00

Dus: Met dood of egskeiding sal niemand deel in dit wat die gehad het voor huweliksluiting nie. Hulle behou net die reg voor om te deel in die groei na die huwelik gesluit is.

Dus: In die voorbeeld is die man en vrou se onderskeie boedels met dood/egskeiding dalk as volg:

Man:	Vrou:
Sy totale waarde (bates minus laste) van sy boedel het gegroei tot: R1 000 000.00	Haar totale waarde (bates minus laste) van haar boedel het gegroei tot: R 700 000.00

Die **man** se boedel het tydens die huwelik gegroei met R580 000.00 (R1 000 000.00 [waarde nou] minus R420 000.00 [waarde verklaar met sluiting van die huwelik]).

Die **vrou** se boedel het tydens die huwelik gegroei met R420 000.00 (R 700 000.00 [waarde nou] minus R280 000.00 [waarde verklaar met sluiting van die huwelik]).

Wanneer jy Buite Gemeenskap van goed, met die aanwasbedeling getroud is, sal die persoon wie se boedel die minste gegroei het, geregtig wees op 50% van die verskil in groei tussen die twee partye.

Die verskil in groei:

R580 000.00 (man) minus R420 000.00 (vrou)= R160 000.00

Dus: In ons voorbeeld sal die vrou (wie se boedel die minste groei getoon het) 'n eis vir R80 000.00 teen die man se boedel hê.

In kort beteken Buite Gemeenskap van goed, met die aanwas, dat die persoon wie se boedel die kleinste groei toon, deel in die helfte van die verskil in aanwas/groei tydens die huwelik, tussen die twee boedels.

Trou mens sonder die aanwas, hou elkeen wat hy of sy het op dag van dood/egskeiding op sy/haar naam het en het hul geen eise teen mekaar nie.

### **BINNE GEMEENSAP VAN GOED:**

Hier is daar na huweliksluiting net een boedel en albei partye het 'n halwe onverdeelde aandeel in alles binne die boedel – bates sowel as laste.

Bel gerus vir Caren by 082 877 7660 / 021 981 8139 indien sy julle kan bystaan tydens die neem van die besluit.